# As ma ook pa moet staan

Enkelma's is volop, maar dis nie altyd maklik om pa óók te speel nie, skryf **Marthinus Koekemoer.**

Vir inligting oor The Character Company besoek thecharactercompany.co.za of kontak Jaco by ch@racter.co.za of 084 777 7114.



**As ma hoef jy nie saam met jou seun boom te klim nie, maar jy moet sorg dat hy dit êrens kán doen.**

Dis 'n werklikheid in Suid-Afrika: Baie seuns word sonder pa's groot.

Soms is hulle oorlede, party is geskei van die ma en ander "verdwyn" sommer net, sê Jaco van Schalkwyk, die direkteur van The Character Company (CC), 'n niewinsgewende organisasie in Johannesburg wat die gaping wat afwesige vaders los, probeer vul.

"Ek het besef daar is 'n behoefte aan pa's in huishoudings waar 'n enkelma haar kinders, maar veral seuns, grootmaak," sê Jaco. "Enkelma's is gewoonlik goeie ouers, maar daar is goed van manwees wat seuns net by sterk manlike rolmodelle kan leer."

Die CC neem seuns vir buitelugaktiwiteite soos bergfietsry, rotsklim of balsporte in die park. Op die oomblik is net meer as 30 seuns tussen die ouderdom van vier en 12 deel van dié organisasie wat hoofsaaklik in Newlands, Fairlands, Krugersdorp, Blairgowie en Northriding aktief is. Die diens is gratis, maar skenkings is welkom.

"Dikwels wil die seuns net stoei of gekielie word," sê Jaco. "Hoewel dit belangrik is, gee ons hulle ook die geleentheid om oor hul week te praat. Hulle word aangemoedig om hul emosies te deel en te praat oor wat hulle pla.

"'n Enkelma moet besef sy kan nie in al haar seuns se behoeftes voorsien nie. Nie omdat sy nie goed genoeg is nie, maar omdat sy 'n ma is. Dis belangrik om 'n goeie, veilige manlike mentor en rolmodel te identifiseer wat ook 'n rol in haar seun se lewe kan speel. Dit kan deur 'n organisasie soos die CC of 'n familielid, vriend of gemeenskapslid wees," sê Jaco.

## Raad vir enkelma's

- Wees konsekwent en ferm. Duidelike grense gee veiligheid.
- Jy is nie jou kind se maatjie nie. Probeer om die verhoudingsgrens duidelik te hou. Jou kind gaan maklik maats maak, maar sonder 'n ma gaan hy maklik verkeerde maats maak. Studies wys dat seuns wat sonder pa's grootword meer geneig is om die verkeerde maats te maak. Dis hoofsaaklik omdat hulle 'n gebrek aan aanvaarding ervaar – maats gee dit vir hulle.
- Jy gaan geblameer word omdat "pa" nie daar is nie, meer as wat jy geëer sal word omdat jý wel daar is. Wees eerlik. Erken jou rol in pa se afwesigheid, maar benadruk dat jy daar is uit liefde vir jou seun. Maak seker hy besef dis nie sy skuld nie. Baie seuns voel daar is iets fout met hom of hy't iets gedoen wat veroorsaak het dat sy pa afwesig is.
- Leer jou kind selfstandig wees. Laat hom deel wees van besluitneming in die huis wat toepaslik is vir sy ouderdom. Leer hom om besluite te neem gegrond op waardes, eerder as net sy verlede, ervaring of kultuur.
- Moenie probeer om saam met hom boom te klim en van kranse af te spring as dit nie jou "ding" is nie, maar doen die moeite om 'n plek te kry waar hulle dit in 'n veilige ruimte kan doen.